



TOULEIER



Korrupsie krioel maar ook in Sumatra

Hoofstuk 3 Deel 10

Sumatra is een van die grootste eilande van Indonesië, indien nie die grootste nie. Dis ook die eiland waar hulle nog die hardste probeer om die oerang-etang in sy natuurlike omgewing te laat oorlewe. Ongelukkig is dit ook die eiland waar ek die meeste korrupsie teëgekomp het.

Die mens se gierigheid het daar ook 'n direkte en negatiewe impak op die habitat van die ape. Die vliegtuigongeluk waarvan ek laas vertel het, kan ook indirek verbind word met die omkoperij.

Dit is weens die rookwolk wat oor die eiland gehang en die sig belemmer het wat die ongeluk gebeur het. Die woude word afgekap en afgebrand om die hout of houtskool te verkoop en om plek te maak vir die mense se landerye.

Brandlisensies word kamtig streng beheer. Dis egter maar net nog 'n manier vir korrumperte staatsamptenare om hul eie sakke te vul. Moenie dink grootskaalse omkoperij is net eie aan Afrika nie.

Die Koreane het Eric, die drywer, gestuur om my te kom oplaai. Rookwolk desnieteenstaande, bly Sumatra egter een van die mooiste tropiese eilande wat mens maar kan besoek. Behalwe in en om die dorpie, is die eiland een paradys van groen. Alle skakerings wat jy jou kan voorstel. Een van die voordele om op hidroëlektriese projekte te werk, is dat hulle altyd in die berge is en gewoonlik ver van die beskawing. Mens kry dus elke keer die kans om, in watter land ook al, die land in sy natuurlike toestand te sien.

Renun was ook geen uitsondering nie. Hoe nader ons aan die kamp gekom het, het die paadjies al steiler en dunner geword en die plantegroei al digter. Op 'n kol het ons etlike kilometers in 'n woudtonnel gery. Die oeroue bome staan so dig teen mekaar dat jy nie verder as vyf meter in die bos in kan sien nie.

Oorhoofs is hulle takke so met mekaar verstrengel en die bobbejaantoue so dig met mekaar gevleg, dat dit die son heeltemal uit die prentjie neem.

Eric stop om 'n watertjie af te slaan en skakel die enjin af. Buite heers daar eers 'n doodse stilte in die groen skemering van die woud, dan begin die voëls weer een vir een met mekaar gesels. Skielik eggo 'n baie ongewone skreeugeluid deur die bos. Eric beduie dis 'n tipe sjimpansee. Hy verduidelik dat die Renun-projek in die middel van 'n nasionale park geleë is en dat mens hier nogal gereeld die groot ape kan sien rondswaai in die boomtoppe.

Soos ons nader aan die kamp kom, verly die woud en sien ek meer en meer van die verwoesting wat die mens saai in sy ewige strewe na energie. Ek noem hardop dat daar darem vreeslik baie onnodige stroke spuitbeton teen die padsnitte se walle aangewend is. Eric vertel my dat die maatskappy wat dit aanwend, aan die minister van vervoer se broer behoort. Dis was nie nodig om verder uit te brei nie, en ons ry in stilte voort.

Die kamp lyk of dit van die stel van *Bridge on the River Kwai* kom. Hoë doringdraadheining rondom die kamp uit die bos gekap en sulke lang, plat slaapsale van hout op kort houtpilaartjies. Om als te kroon het die Koreane nog die eienaardige gewoonte ook om al hul werkers en kollegas elke oggend te laat aantree op die oop stuk 'paradegrond' voor die kantore. Dan word daar in Koreaans opruiende slagspreuke geskree, waarna almal met nuwe woema aan die werk spring.

Beelde van aanhouding in isolasie in 'n klein houthokkie doem onwillekeurig voor my op.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Boeta, was hulle VERKEERD! (10)



"Daar sal bewys word dat X-strale sommer net 'n foefie is."
- Lord Kelvin, president van die Royal Society, 1883.

Ontbyt?

Waar kom ons aan dié vreemde woord? 'n Mens is geneig om te dink dat ont= dui op die teenoorgestelde (soos in laai – ontlaai) of dat iets weggeneem word (byvoorbeeld om 'n boom te ontbas), maar dit kan ook beteken dat met iets begin word, byvoorbeeld ontbrand, ontluik of ontwaak. Die woord ontbyt het 'n lang geskiedenis tot in Middelnederlands en letterlik beteken dit "begin byt", waar byt dan dui op die handeling van eet.

Die ontbyt is dus die geleentheid wanneer 'n mens begin eet ("byt") ná die nag se slaap.

Vreemde woorde

Uit die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT):

Dennies (b.nw. (streektaal). Mooi, netjies, modieus, deftig, spoggerig. 'n *Denniese tabberd*. Sy is *dennies aangetrek*. Sy is 'n *denniese ou tante*. Opgeteken by o.m. Klerksdorp.



Oom Jan Droëpan sê:

As die motor langs die pad gaan staan, kyk 'n man in sy beursie en 'n vrou kyk in die spieël.

Oudae se kwatryne

Die kiepie pik 'n pit
o, die kiepie pik 'n pit.
Hy weet net hy moet pitte pik
en dit is nou maar dit.

Die hoender in die hok
o, die hoender in die hok -
hy skrik as hy 'n voetstap hoor
want dalk is dit die kok!

Die tiptol op die tak
o, die tiptol op die tak;
hy loer so met sy koppie skeef
wat maak die baardbek brak.

Die boskraai in die boom
o, die boskraai in die boom;
hy loer so langs sy neus verby
wat maak die baardbek oom.

- Piet Rympies

**Moenie die lewe so
erstig opneem nie.**

**Niemand kom lewendig
anderkant uit nie.**

Hoe dans jy met 'n glasskoentjie?



Aspoestertjie is die heldin in 'n sprokie deur die broers Grimm. Dit is die verhaal van 'n meisie wat deur haar stiefmoeder en twee stiefsusters soos 'n diensmeisie behandel word.

Met die hulp van haar peetma, 'n fee, glip sy een aand weg na 'n koninklike bal waar sy die prins se hart steel.

Maar die glasskoentjie waarmee sy dans, is eintlik 'n pelsskoen en dis verkeerd uit die Frans vertaal.

Wanneer iemand 'n aspoestertjie genoem word, is hulle afgeskeep en 'n verstoteling.

Duskantlander in Anderkantland

Oupa Vrystaat en Kakkerlak

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.

My oupa se sweep het agter die deur aan 'n hakie gehang. Een dik en een dun punt het die vloer so 'n kieliestreep getrek wanneer die deur toeswaai. Almal het geweet Oupa se sweep-swiep was vinniger as slangpik en harder as geweerskootklap.

Die werkers was doodbang vir daai gryskop met sy groen ferweelbroek en kruisbande. Hy het geruik na Lux-seep, Old Spice, Brylcream, Kiwi-skoenpolitoer en Boxer-twak en het Wilsons-toffies in sy broeksak gedra.

Oupa Vrystaat het altyd ná middagete sy pyp gestop en sy hoed op sy kop geplant. Dan vat hy sy sweep in die een hand en gee lkierie in die ander hand. Aan die een kant was sy spikkelhond, aan die ander Kakkerlak. Hulle was altyd Oupa se skadu. Kakkerlak se hoed was getooi met 'n verinneweerde pouveer. As Oupa en Kakkerlak weerskante van die tabakblare se rye gestap het, het hulle net soos daai twee punte van die sweep gelyk, een dik en een dun.

As oupa hom geroep het, het Kakkerlak se pienk tannevleise gewys en het hy met wakker oë als geluister wat oupa sê. Dan het Kakkerlak geantwoord: "Ek hoor hom, my Kroon".

Oupa Vrystaat het goeters geweet sonder dat mense dit vir hom kom sê het. Hy het als geweet van beeste en skaap, vendusies en markpryse, oes en plant, van reën en droogte, van die Bybel en van oorlog. Net die regering en belastingman het hom omgekrap.

Toe klein Miena die dag met 'n lap oor die oog in die kombuisdeur kom snik het, het oupa gewéét Kakkerlak was stormdronk en kaalgat aan die dans om die vuur by die stroois. Oupa en sy sweep en die spikkelhond is donkernag uit ...

Die volgende oggend was daar geen teken van oupa se sweep of van Kakkerlak nie. Oupa en Miena het heel oggend die spens uitepak en rakke afgewas en uitgelê met *Landbouweekblad* se geel advertensieblaai. Miena se oog en wang het kompleet gelyk soos 'n dubbeldoor eier. Daai spikkelhond het 'n paar keer tussen die stoep en die windpomp gehol en dan op die trap van die rooi stoep kom staan en vir oupa in die oë kom kyk.

Twee dae later het oupa se sweep weer van die hakie agter die voordeur geswaai. Miena het oornag witgrys geword. Haar gesigswelling het weldra beginne sak, maar haar oog het bly rondspring; boontoe en agtertoe soos 'n flitslig bome toe, soos wanneer iemand uile jag. Goed het soos pap uit haar hante bly val. Party dae het Miena ure lank oor die kombuis se half-deur in die sonnetjie gestaan en uitkyk met een spring-oog en een wat staar na niks.

Vir Kakkerlak het ek jare later, net vir een dag, weer gesien. Dit was op oupa se begrafnis. Met einste pouveer in die hoed het hy kis gedra tot anderkant die tabakstoor en die sweep op die kis gelê voordat die ding laat sak en toegeskoffel is. Toe tel hy spikkelhond op en stap ver oor die rooiuin.

Die kerkmense het by die begrafnisete gefluister dat oupa mos doeityd vir dronk Kakkerlak aan 'n kareeboom in die veld gaan vasbind het met daai einste sweep. Toe oupa reken Kakkerlak het nugter tot sy sinne gekom, vind hulle net sy sweep daar by die kareeboom. In sy dronk waansin het Kakkerlak waaragtig die sweep met sy bek sonder tanne deurgekou.

Jare lank het die distrik se polieste na Kakkerlak gesoek oor Miena se oog-ding, maar kon nooit hande op hom lê nie.

Dis toe dat ek besef Oupa Vrystaat se andersheid was sy geheim en Kakkerlak was uit die oog, maar altyd binne armlengte van Oupa af.

Oom Jan Gladniebang

Die ou manne sit in die Kerk sit toe die duiwel daar instorm en hard uitroep: "Val voor my neer of ek vernietig julle!"

Almal val verskrik neer, behalwe oom Jan. Hy sit net die bouse net so en uitkyk.

Ou Nick stap op hom afgehaal en skree verwoed "Is jy nie bang vir my nie!?" "Nee," antwoord omie, "Ek is al te lank met jou suster getroud."

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos @onsdorp.com



BESTELLING VIR ONTBYT

'n Gas in 'n vooraanstaande hotel se ontbyt-kamer roep die kelner en lees van die spyskaart af:

"Ek wil een halfgaar eier hê wat die hele bord vol loop en een wat so hard gebak is dat hy moeilik eet.

"Ek wil ook gebraaide spek hê wat koud is, gebrande roosterbrood, klipharde onsmeebare botter en 'n pot louwarm koffie. Asseblief."

"Dis 'n ingewikkelde bestelling, Meneer," antwoord die vervaarde kelner. "Dit gaan moeilik wees."

Gas: "Hoekom? Dis dan presies wat ek gister gekry het!"

TOE BELEDIGINGS NOG KLAS GEHAD HET

'n Paar beledigings uit die dae voor drie- en vierletterwoorde.

- ♦ "Hy is mal oor die natuur, ondanks wat die natuur aan hom gedoen het." - *Forrest Tucker*.
- ♦ "Wat sit jy daar soos 'n adreslose koevert?" - *Mark Twain*.
- ♦ "Sy ma moes hom weggegooi en die ooievaar gehou het." - *Mae West*.
- ♦ "Hy het Van Gogh se oor vir musiek." - *Billy Wilder*
- ♦ "Hy is nie net self vervelig nie, hy is ook die oorsaak van ander se verveligheid." - *Samuel Johnson*



Toe Churchill gevra is om die kunsbegroting te sny vir geld vir die oorlogspoging, wou hy weet: "Nou waarvoor baklei ons dan?"

RUGBYKAARTJIE

Kan iemand help? My vriend het 'n rugbykaartjie vir die toets teen Ierland op 25 Junie in PE, verblyf ingesluit. Die probleem is dis sy troudatum en dis al maande terug beplan. Hy wil weet of daar iemand is wat in sy plek wil trou.

TWEE KORTES

Dis makliker om te raai watter kleur en reuk die syfer 7 is as om te weet wat 'n vrou wil hê.

♦Die lewe is te kort - geniet dit. Dans kaalgat! Hoe-hoeeee!

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Hulle het álles opgemors!

Laas week het my tuinhulp weer nie opgedaag vir werk nie, met die gevolg dat ek maar self die gras moes sny.

Die Saterdagoggend was ek in my oudste PT-broek en T-hemp besig om die gras op die sypaadjie voor my huis te sny en ek was haastig en wou die taak goed en gou afgehandel kry. Ek was nie lus om 'n nuwe tuinhulp te kry en te verduidelik hoe die gras gesny moes word nie.

Maar soos dit maar altyd gaan: As jy niemand nodig het nie, dan daag al die hulp in die wêreld op. Elke vyf minute was daar iemand wat 'n *garden job* kom soek het.

Toe die vierde een opdaag en hande in die sakke staan en vra vir 'n *garden job*, toe verloop die gesprek omtrent soos volg:

Hy: "Ekke ken hom die sny van die gras, ek soek hom die job."

Ek: "Sorry man, ek bly nie hier nie, ek werk net vir die mense wat hier binne bly."

Hy: "Hau! die mense hulle employ 'n whitey by die garden?"

Ek: "Ja, die mense betaal net R30 per dag en hulle gee nie eers kos by lunchtime nie. Het jy nie vir my 'n siegret nie?"

Einde van die storie was dat hy sy pakkie Kent-sigarette uithaal en my een aanbied. Ek vat toe een en hy steek hom vir my aan. Ek vat so drie trekke, nip die entjie en sit die stompie agter my oor.

So met die wegstap hoor ek sy laaste woorde: "Die ANC het aalles kom opf@k!"

IS JY 'N VEGAN?



Pasop vir die nagevolge

OPVOEDING

Opvoeding is wanneer jy die fynskrif lees. Ondervinding is wanneer jy dit nie lees nie.

AFDANKING

Die jong man vra vir die ou oom wat beteken die woord "retrench".

Oom: "Dis as hulle jou by die werk met 'n rekenaar vervang, en by die huis met 'n vibrator."

SKOOLRAPPORTE

1. Sedert my laaste rapport het jou kind nog dieper gesink en hy grawe steeds.
2. Ek sal nie toelaat dat hierdie skolier trou en kinders kry nie.
3. Jou kind lewe in die waan dat sy doeltreffend is.
4. Jou kind ontnem een of ander plek in die boendoe van 'n dorpsidoot.
5. Jou seun het lae verwagtinge en slaag nie daarin om hulle te bereik nie.
6. Hierdie kind werk te veel met gom.
7. Wanneer jou kind se IK by 50 kom moet sy verkoop.
8. Die hekke het gesak, die ligte flits, maar daar is geen trein in aantog nie.
9. As hierdie kind dommer was sou jy hom twee keer per week moet water gee.
10. Ek kan nie glo dat die sperm wat hierdie kind verwek het een miljoen mededingers geklop het nie.



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

Oumanne in die Army: INKLOKTYD

Deur Wessel Ebersohn

Daar's nie 'n manier dat ek my deur 'n klomp snotkop armylatte gaan laat rond donner nie! Maar daar was geen uitkomkans nie, en almal wat opgeroep was, moes maar net gaan aanmeld.

Nadat die dokters en ander mediese mense almal bevoel, beluister en bekyk het om vas te stel of hulle binnegoed darem nog in min of meer werkende toestand is, het ons by ons woonkwartiere gaan intrek. Die opleiding sou op die Upington Skouterrein plaasvind en ons blyplek was die hoofsaal, 'n tamaaie staalstruktuur wat in afskortings verdeel was vir die uitstallers.

Almal het 'n groot staalkis gekry waarin al sy besittings gebêre moes word en dít is by die onderend van die bed staangemaak.

Daar is geen manier om 'n staalkis op 'n harde sementvloer in 'n weerklinkende staalgebou saggies oop en toe te maak nie. Daardie eerste aand al was dit duidelik dat hierdie staalkiste 'n groot rol gaan speel in hoeveel, of liever hoe min, slaap 'n man gaan kry.

Die boere, wat gewoon was om vroeg te gaan slaap, was telkens gewek deur die lawaai van die manne wat eers tot laat gekuier het en deur die aand tot ligte-uit tyd raas-raas kooi toe gekom het.

Hulle weer, die laat-gaan-slapers, is douvoordag wreed uit hulle drome wakker geruk deur die rumoer van die vroeg-opstaan boere.

Ons arme gewone drommels wat gewoon was om op 'n ordentlike tyd te gaan slaap en op te staan, was in die middel vasgeknul en het die slegste daarvan afgekrom.

Sarel de Beer, wat destyds die SAUK se verteenwoordiger op Upington was, het sommer daardie eerste aand al begin met die opneem van 'n kostelike versameling naggeluide wat later oor die radio uitgesaai is.

Sowat van snork! Van sulke sagte pfoei-prrt geluidjies tot donderende dreunings wat deur die saal weergalm het. En dan daardie ander klanke wat jy gewoonlik kry waar mans bymekaar is, klanke wat beide die hoor- en reukorgane ernstig bedreig het!

Die volgende dag is almal in pelotonne ingedeel, maar dis 'n ander storie!

Twee spogters

Twee mans was besig om te spog oor hul dae in die weermag.

"My peloton was so goed gedril, as ons presenteer geweer het jy net klap, klap, klap gehoor."

"Baie goed," sê die ander een. "Maar as my peloton presenteer geweer, het jy net gehoor klap, klap, rinkel."

"En wat was die rinkel?"

"Dit was ons medaljes."

Stry oor spore

Drie soldate het in die veld gestap toe hulle op 'n stel spore afkom.

"Dis koedoespore," het die een gesê.

"Nee, dis elandspore," het sy maat gesê.

Die derde een het gesê dit lyk vir hom nes rooibokspore.

Hulle was nog aan die stry toe die trein hulle getrap het.

Groot stories

Die weermagman het by 'n vlootman oor sy pa gespog.

"My pa is 'n ingenieur. Weet jy van die Alpe? My pa het hulle gebou."

Vlootman: "Het jy al van die Dooie See gehoor? My pa was die moordenaar."





Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Van Vuuren rachellesteen1@gmail.com

Addisioneel: Martinus Albertus gebore Middelburg Kaap sterf op 49 aan hartaanval. Het een suster en vier broers. almal dood behalwe die jongste broer. gebore 06-08-1938. Trou met Rachel Magrita Esterhuisen en bly in Cradock.

Heunes nadinehleroux@gmail.com

Ek is die jongste dogter van Wynand Heunes gebore 1958-06-08 en hy is oorlede op 2012-11-30 te Springs.

Nog vanne wat ons ontvang het:

Bothma, Van Zyl, Neff, Spaumer, Esterhuzen, Bekker, Smit, Syffert, Blom, Fick, Olivier, Oosthuizen, Meintjies, Botha, de Waal.

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom om te kyk of jou van nagevors word.

Kletser leer haar les



Toe die trein by die stasie uit trek, het die vrou langs hom op haar selfoon begin klets.

Sy het in 'n harde stem begin: "Hallo, Liefie. Dis Susan. Ek sit in die trein."

"Ja, ek weet dis sesdertig en nie vierdertig nie, maar dit was 'n lang vergadering."

"Nee, Liefie, nie met Kevin van die rekeningafdeling nie – met my baas."

"Nee, Liefie, jy weet mos jy is die enigste man in my lewe."

Kletskletskletskletskletskletskletsklets
Vyftien minute en vier stasies later was die gesprek nog aan die gang.

Dis toe die man langs haar behoorlik gatvol was. Hy gryp toe die foon by haar en sê:

"Susan, hou nou op praat en kom terug bed toe!"

Sy bel nie meer in die openbaar nie.

Baie koud!

Twee vriende ontmoet op 'n bitter koue oggend in 'n lekker warm kroeg.

"Sjoe," sê Piet, "dit was vanoggend vrek koud in ons deel van die dorp."

"Regtig?" sê Koos. "Hoe koud was dit?"

"Ek weet nou nie presies hoe koud nie," antwoord Piet.

"Maar ek het 'n prokureur langs die pad gesien wat sy hande in sy eie sakke gehad het."

Sareltjie wen al die pad!

Die seun stap na die priester se hokkie.

"Seën my, Vader. Ek was met 'n los meisie deurmekaar."

Priester: "Is dit jy wat praat, Sareltjie Steyn?"

"Ja, Vader, dit is."

"En wie is die meisie?"

"Ek wil liever nie sê nie, Vader. Ek wil haar naam beskerm."

"Wel, Sareltjie, ek sal een of ander tyd uitvind. Jy kan my netsowel vertel."

"Ek kan nie sê nie."

"Was dit Hannie Honiball?"

"Ek sal nooit sê nie."

"Was dit dalk Doortjie van Zyl?"

"Jammer, ek wil nie sê nie."

"Was dit dalk Sarie Steenkamp?"

"My lippe is geseël."

Die priester het uit frustrasie gesug.

"Jy is baie geheimsinnig, en ek bewonder dit. Maar jy het gesondig en jy moet berou kry. Vir die volgende vier maande mag jy nie 'n altaarknapie wees nie."

Sareltjie stap terug na sy kerkbank en sy vriend Fransie vra wat het hy gekry.

Sareltjie: "Vier maande verlof en drie goeie verwysings."

VLEISBRAAI: 'n Partytjie waar die kos so 'n bietjie rou is en die gaste so 'n bietjie gaar is.

GESINSVAKANSIE: Wanneer jy alles saamneem waarvan jy eintlik wil wegkom.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Enigiets wat te onsinnig is om gesê te word, word inderdaad gesing. Veral in Afrikaans.

Deur **JOHAN VAN WYK**

Die SAUK se besluit dat sy radiostasies voortaan 90% plaaslike musiek moet uitsaai, het my aan Lewies Blinkwater herinner. Hy was 'n liefhebber van groot Amerikaanse karre, uitspattig en blink soos sy plaas se naam. Sonder 'n donkerbril kon die chroom jou verblind.

Toe hy ná 'n goeie oes 'n windmaker-Pontiac Strato Chief met 'n string veelkleurige waarskuwingsliggies op die dash uittrek en sy buurman wou weet hoe die kar is, het Lewies 'n rukkie gedink en gesê: "Jong, nee, dis 'n lekker, vinnige kar; met die baie liggies is sy net spuls op bulbs."

Asof die radio ons nie met 'n oordosis "plaaslike" Afrikaanse musiek straf nie – waarvan 75% so swak en onsinnig is dat ek my ore toedruk wanneer ek kom op 'n plek waar dit oor die radio speel.

Wanneer "kunstenaars", van wie die meeste se sangtalent beperk is tot die vermoë om 'n mikrofoon vas te hou, wegtrek, moet ek my daarvan weerhou om soos Johannes Kerkorrel wanneer PW Botha met sy dreigende wysvinger op die TV verskyn het, te vra: "Sit dit af, sit dit af!"

Maar onder die vaandel van "ons eie" moet die volk dit maar sluk.

Noël Coward was reg toe hy gesê het: "Tog eienaardig hoe magtig goedkoop musiek kan wees." Joseph Addison het dit nóg beter gestel: "Net onsin kan goed in musiek oorgedra word." Enigiets wat te onsinnig is om gesê te word, word inderdaad gesing. Veral in Afrikaans.

Jy kan jou egter teësit. As ek 'n restaurant ingaan en daar nie aan my versoek voldoen word om die geblêr af te skakel of ten minste sagter te maak nie, draai ek in my spore om.

Maar dis blykbaar wat mense in 'n toenemende vervlak-kende samelewing wil hê. Nie dat dit altyd help nie. Toe ek nou die dag die bestuurder van 'n restaurant op 'n landgoed buite Stellenbosch vra waarom hy toelaat dat doef-doef-musiek, só hard dat jy nie 'n gesprek kan voer sonder om te skreeu nie, die aangename atmosfeer bederf, het hy sy skouers opgehaal en gesê: "That's what people want" en dit nóg harder gedraai.

Hy het klaarblyklik nog nie gehoor van dié uitspraak van G.K. Chesterton nie: "Musiek saam met 'n ete is 'n belediging, vir sowel die kok as die violis."

Maar 'n boer maak 'n plan. Danksy die SAUK se besluit het ek my stokou *hi-fi* en stapels langspeelplate afgestof en sommer ook my outydse Gallo-opwengrammofoon 'n nuwe naald gegee uit 'n blikkie wat ek al jare in 'n brandkluis bewaar.

Terwyl ek hier skryf, luister ek na Beethoven se Vyfde, volgens E.M. Forster die "mees verhewe geraas wat al die menslike oor binnedring het". Daarna gaan ek luister hoe Winifred Atwell Gershwin se "Rhapsody in Blue" speel.

Ek gaan ook 'n veldtog begin om restaurante te oorreed om ou langspeelplate met die wonderlike musiek van ware, wêreldberoemde kunstenaars nie as tafelmatties te gebruik nie, maar dit te speel.

As jy 'n PENSOENARIS of 'n INTEKENAAR is, kan jy hier klik vir KAMMANUUS EKSTRA:
www.onsdorp.com/ekstra.html